

**16 April**

**Skrifgedeelte: Filemon 3:1-4:1  
Fokusgedeelte: Filemon 3:7-14**

### **Jou ideaal as gelowige**

Elke mens het ideale. Jy het ideale vir jou studie, jou beroep, jou huwelik en gesin. Ook in jou lewe voor die Here, moet jy as gelowige 'n ideaal hê waarna jy strew. Paulus se ideaal was aanvanklik om vrypraak te verkry deur die wet van die Here onberispelik te onderhou. Na sy ontmoeting met die Here Jesus het sy ideaal egter radikaal verander. Wat vroeër vir hom 'n bate was, beskou hy nou as waardeloos. "Want" – sê hy – "om Christus Jesus, my Here te ken, oortref alles in waarde". Daarom sê hy: "Al wat ek wens, is om Christus te ken" [10]. Dit is sy hoogste ideaal. Om Christus te ken, beteken om so intiem saam met Hom te lewe dat jy volmaak sal wees, soos Hy volmaak is.

Paulus sê ook duidelik dat hy hierdie ideaal nog nie bereik het nie [vgl vers 12-13 OAV en NAV], maar omdat hy reeds aan Jesus Christus behoort, span hy hom in om dit te bereik. Soos 'n atleet uit die blokke wegspring en afpyl op die wenstreep, so maak hy hom ook los van wat agter is en span hom in om sy ideaal te verwesenlik. Hy strek hom uit om dit te bereik, al weet hy dat hy dit eers sal bereik wanneer hy eendag sterf of wanneer Christus weer kom.

Is dit ook jou ideaal as gelowige? Span jy jou in om dit te bereik? Die Here sê: "Almal wat geestelik volwasse is, moet hierdie gesindheid hê" [15].

*Sing: Skrifberyming 33:1,3*

*Ds C Krüger (Nelspruit)*